
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2025

# EKONOMIE V2 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 17 bladsye.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING A

### VRAAG 1

1.1 1.1.1 C ✓✓ (marginale inkomste)

1.1.2 A ✓✓ (Mark)

1.1.3 D ✓✓ (TI)

1.1.4 D✓✓ (subsidie )

1.1.5 C ✓✓ (verband)

1.1.6 B ✓✓ (Wêrelderfenisterrein)

1.1.7 A ✓✓ (deflasie)

1.1.8 C ✓✓ (uitgaande) (8 x 2) (16)

1.2 1.2.1 C ✓ die laagste bedrag van vergoeding wat van ŉ werkgewer vereis word om werkers te betaal vir die werk wat gedurende ŉ gegewe tydperk verrig is

1.2.2 D ✓ aktiwiteite van mense wat buite hul gewone plekke vir ontspanning, besigheid of sport reis

1.2.3 A ✓ ŉ kromme met ŉ boonste elastiese gedeelte en ŉ onderste onelastiese gedeelte

1.2.4 G ✓ die verskeidenheid plant- en dierelewe in ŉ bepaalde habitat

1.2.5 B ✓ die markprys waarteen die hoeveelheid goedere aangebied gelyk is aan die hoeveelheid goedere gevra

1.2.6 E ✓ ŉ maatstaf van die koers van die verandering in pryse van produkte wat verkoop word wanneer hulle die fabriek verlaat

1.2.7 I ✓ lae groei, hoë werkloosheid en hoë inflasiekoerse vind gelyktydig plaas

1.2.8 H ✓ die vermoë van die omgewing om haarself vir toekomstige ekonomiese aktiwiteite te onderhou. (8 x 1) (8)

1.3 1.3.1 Koste-voordeel-ontleding ✓

1.3.2 Mededingingskommissie ✓

1.3.3 Maatskaplike koste ✓

1.3.4 Hooflyn-inflasie ✓

1.3.5 Besoedeling ✓

1.3.6 Bewaring ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in jou ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Noem enige TWEE voorbeelde van produkte wat deur volmaakte mededingers verkoop word.**
- Landbouprodukte ✓
- Aandele ✓
- Buitelandse valuta ✓
- Grondstowwe ✓

(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord.) (2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoe dra die onvolmaakte verspreiding van inkomste en welvaart tot markmislukkings by?**
- Ongelyke verdeling van inkomste en rykdom kan toegang tot hulpbronne beperk, wat die individue se vermoë belemmer om ten volle aan markte deel te neem. ✓✓
- Laer-inkomste individue het beperkte toegang tot onderwys, wat lei tot 'n minder geskoolde arbeidsmag, wat doeltreffendheid in die arbeidsmark beïnvloed. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer die markstruktuur in die grafiek hierbo.**
- Volmaakte mededinging ✓ (1)

2.2.2 **Identifiseer die aanbodkromme in die grafiek hierbo.**
- Die stygende deel van die MK-kromme is bo die sluitingspunt. ✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *homogene produkte*.**
- Dit is produkte wat soortgelyk, identies of dieselfde in styl, ontwerp en kwaliteit is. ✓✓ (2)

2.2.4 **Wanneer sal 'n firma in hierdie mark sy bedrywighede sluit?**
- Wanneer die firma nie meer sy veranderlike koste onder die punt waar GVK = GI kan dek nie. ✓✓ (2)

2.2.5 **Gebruik die grafiek hierbo om die tipe wins wat hierdie firma maak, te bepaal. Toon AL die berekeninge.**

Wins = TI – TK
= (Prys x Hoeveelheid) – (Koste x Hoeveelheid) ✓
= (R40 x 30) – (R40 x 30) ✓
= 0 ✓
Daarom maak die firma normale wins ✓ (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Identifiseer die oorsaak van markmislukking uit die uittreksel hierbo.**
- Eksternaliteite ✓ (1)

2.3.2 **Noem enige EEN kenmerk van openbare goedere.**
- Nie verwerpbaar nie ✓
- Nie uitsluitbaar nie ✓
- Nie wedywering ✓
- Maatskaplike voordele oortref maatskaplike koste ✓

(Aanvaar enige ander korrekte antwoord.) (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *markmislukking.***
- Markmislukking verwys na 'n situasie waar die markkragte van vraag en aanbod nie daarin slaag om hulpbronne doeltreffend toe te ken nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

2.3.4 **Verduidelik *grondrestitusie* as 'n regstellingsmetode om inkomste en welvaart te herverdeel?**
- Grondrestitusie verwys na 'n situasie waar die regering grond teruggee aan dié wat in die verlede met geweld verwyder is. ✓✓ (2)

2.3.5 **Hoekom is markte onwillig om openbare goedere te produseer?**
- Die vraag na openbare goedere kan moeilik wees om te bepaal, wat tot onsekerheid lei oor of die belegging die moeite werd sal wees. ✓✓
- Die vervaardiging van openbare goedere vereis dikwels aansienlike vooraf investering (bv. infrastruktuur vir openbare vervoer of nasionale verdediging), wat private entiteite kan afskrik wat vinniger opbrengs op belegging soek. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

2.4 **Onderskei, sonder om grafieke te gebruik, die *vraagkromme van volmaakte mededinger* met dié van *oligopolie*.**

| VOLMAAKTE MEDEDINGER | OLIGOPOLIE |
|---|---|
| • Die vraagkurwe van 'n volmaakte mededinger is horisontaal en is perfek elasties. ✓✓<br>• Alle eenhede word teen dieselfde prys verkoop en 'n perfekte mededinger hoef nie die prys te verander om meer te verkoop nie. ✓✓<br>• Die vraag is dieselfde as die prys, marginale inkomste (MI) en die gemiddelde inkomste-krommes (GI). ✓✓<br>• Die besigheid is die prysnemer. ✓✓ | • Die vraagkromme is geknik en het twee segmente. Die boonste segment is relatief elasties en die onderkant relatief onelasties. ✓✓<br>• Alle eenhede word teen verskillende pryse verkoop en vir 'n oligopolis om inkomste te maksimeer, moet hulle teen die knik (ewewig) verkoop. ✓✓<br>• Die vraagkromme lê bo die marginale inkomste-kromme. ✓✓<br>• Die besigheid is die prysbepaler. ✓✓ |

(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord.)
(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir blote opsomming van feite.) (Maks. 8) (8)


SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.5 **Verduidelik die impak van produktiewe ondoeltreffendheid op die koste en mededingendheid van 'n besigheid.**

- Produktiewe ondoeltreffendheid beteken dat ’n onderneming nie teen sy maksimum produksievermoë of teen die laagste moontlike koste funksioneer nie. ✓✓
- Ondoeltreffendheid sal daartoe lei dat ’n onderneming hoër produksiekoste het, wat tot hoër verkooppryse kan lei en sy mededingendheid kan verlaag. ✓✓
- Ondoeltreffende ondernemings sal nie voordeel trek uit skaalvoordele wanneer hulle hul produksie-uitset verhoog nie. ✓✓
- Gevolglik sal hulle nie laer pryse kan bied en 'n groter markaandeel kan verower nie. ✓✓
- Dit beteken dat die firma meer geld of hulpbronne spandeer om dieselfde hoeveelheid goedere en dienste te produseer as dit doeltreffend geproduseer het.
- Dit kan daartoe lei dat die firma nie sy wins maksimeer of sy verliese tot die minimum beperk nie en moontlik nie in staat sal wees om sy bedrywighede voort te sit nie.

(Aanvaar enige korrekte en relevante antwoord.)
(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir blote lys van feite.) (4 x 2) (8)
**[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 3.1.1 **Noem enige TWEE inheemse kunsvorme in Suid-Afrika.**

- Rotsskildery ✓
- Kralewerk ✓
- Tradisionele kleredrag ✓
- Erdewerk ✓

(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord.) (2 x 1) (2)

3.1.2 **Hoe veroorsaak uitvoer verdienste vraagtrekinflasie?**

- Groei van die ekonomieë van handelsvennoot lande kan ŉ vraag na ŉ verskeidenheid plaaslik vervaardigde goedere en dienste skep. ✓✓
- Gedurende ŉ uitbreidings-tydperk neem buitelandse vraag toe, en dit lei tot groter volumes uitvoere en die inkomste verdien uit hierdie uitvoere dra tot die totale vraag en pryse styging by. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord.) (2 x 1) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Identifiseer die tipe toerisme wat in die uittreksel hierbo genoem word .**

- Paleo-toerisme ✓ (1)

3.2.2 **Noem enige EEN Wêrelderfenisterrein .**

- Mapungubwe (Limpopo) ✓
- Vredefortkoepel (Vrystaat en Noordwes) ✓
- Sterkfontein grotte/Wieg van die Mensdom ✓
- Robbeneiland ✓
- Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap ✓
- Kaapse blommeryk ✓
- Isimangaliso -vleilandpark ✓
- Vredefortkoepel ✓
- Maloti-Drakensbergpark ✓
- Baberton Makhonjwa-bergreeks ✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *transito-toeris.***

- Transito-toeris is ŉ toeris wat deur ŉ land reis na ŉ ander land. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

3.2.4 **Waarom is misdaadvoorkoming belangrik vir die groei van toerisme in Suid-Afrika?**

- Die land moet misdaad bekamp om dit veilig te maak vir toeriste om te besoek om sodoende die nasionale inkomste van die land te verhoog. ✓✓
- Veiligheid van toeriste verseker ŉ invloei van buitelandse valuta wat die land se ekonomiese status verbeter. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2 x 1) (2)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.2.5 **Hoe kan toerisme die omgewing negatief beïnvloed?**
- Die skepping van afvalprodukte beskadig visproduksie, veroorsaak gesondheidsgevare en breek aan die aantreklikheid van 'n bestemming af. ✓✓
- Permanente omgewingsherstrukturering wat groot infrastruktuur-ontwikkeling insluit, skep omgewingstres. ✓✓
- Rig omgewingstres wat veroorsaak word deur toeristeaktiwiteite soos die vernietiging van koraalriwwe en plantegroei vernietig die omgewing. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer die oorsaak van inflasie in die grafiek hierbo.**
- Kostedruk ✓
- Afname in aanbod ✓
- 'n Verhoging in die koste van produksie ✓ (Enige 1 x 1) (1)

3.3.2 **Noem die tipe inflasie wat hoë, onbestendige pryse uitsluit.**
- Kerninflasie ✓ (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *allesomvattende inflasie.***
- Allesomvattende inflasie is 'n maatstaf van inflasie wat die pryse van alle goedere en dienste wat in 'n ekonomie geproduseer word, in ag neem. Dit word bereken met behulp van die Implisiete BBP-deflator, wat die verhouding van BBP teen huidige pryse tot BBP teen konstante pryse is. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante beskrywing.) (2)

3.3.4 **Beskryf die effek van inflasie op industriële onrus.**
- Wanneer pryse vinnig styg, sal werkers waarskynlik hoër lone eis om by te hou met die stygende lewenskoste en dit kan tot stakings en ander vorme van arbeidsonrus lei. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

3.3.5 **Verduidelik die effek van inflasionêre verwagtinge op produsente.**

Hoë inflasionêre verwagtinge kan 'n beduidende impak op die ekonomie hê, wat moontlik tot die volgende kan lei:
- Besighede kan sukkel om vir die toekoms te beplan en beleggings-besluite te neem weens onsekerheid oor toekomstige prysvlakke. ✓✓
- As produsente verwag dat verkooppryse in die toekoms sal styg, kan hulle aangespoor word om produksie nou te verhoog om te kapitaliseer op hoër toekomstige winste. Dit kan tot hoër ekonomiese uitset en investering in produksievermoë lei. ✓✓
- Erosie van koopkrag: As insetkoste vinniger styg as verkooppryse, kan produsente se wins daal, selfs al verhoog hulle pryse. Dit kan hulle dwing om koste te besnoei of produksie te verminder, wat werksgeleenthede en ekonomiese aktiwiteit beïnvloed. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.4 **Onderskei tussen *fiskale maatreëls* en *monetêre maatreëls* wanneer inflasie bekamp word.**

**Fiskale maatreëls**

- Dit is maatreëls wat deur die regering (tesourie) toegepas word om inflasie te bekamp.
- Verhoging van direkte belasting om besteebare inkomste te verminder en buitensporige vraag te bekamp. ✓✓
- Verhoging van indirekte belasting soos BTW, aksyns en doeaneregte om spesifieke pryse te verhoog en vraag te beperk. ✓✓
- Die vermindering van staatsbesteding om besteebare inkomste te verminder en sodoende die vraag te beperk. ✓✓
- Implementering van maatreëls om produktiwiteit te verbeter soos belasting-kortings, om die aanbodposisie te verbeter. ✓✓ (Maks. 4)

**Monetêre maatreëls**

- Dit is maatreëls wat deur die sentrale bank (SARB) toegepas word om inflasie te bekamp.
- Verhoog die repokoers aan banke om die beskikbaarheid van krediet aan verbruikers te verminder. ✓✓
- Verhoog die rentekoerse om dit duurder te maak om te leen en sodoende die vraag te verminder. ✓✓
- Verminder die geldvoorraad deur middel van oopmarktransaksies deur die verkoop van staatseffekte ✓✓
- Verhoog banke se kontantreserwevereistes om hul geld beskikbaar vir uitleen aan kliënte te verminder. ✓✓ Stel valuta- en kredietbeheer bekend. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)
(ʼn Maksimum van 4 punte sal gegee word vir blote lys.) (4 x 2) (8)

3.5 **Hoe kan binnelandse toerisme in Suid-Afrika bevorder word?**

- Skep plaaslike pakkette wat spesifiek vir binnelandse toeriste voorsiening maak wat afslagkoerse sowel as unieke ervarings insluit wat ontwerp is om by hul belangstellings en voorkeure te appelleer. ✓✓
- Vertoon plaaslike kultuur in klein dorpies wat gewoonlik gewortel is in kultuur en tradisie, waar tradisionele danse, musiek, kuns en besoeke aan plaaslike kulturele aktiwiteite en museumgalerye gevind word. ✓✓
- Bemark jou pakkette op sosiale media-platforms en betrek potensiële besoekers op sosiale media. ✓✓
- Die Departement van Toerisme kan ook geleenthede soos musiekkonserte finansier in gebiede wat ʼn hupstoot in toerisme-aktiwiteite benodig. ✓✓
- Gebruik ambassadeurs soos Iswazi Elihle Msikinya, Unathi Nkayi, ens. wat ʼn groot aanhang op digitale platforms het om binnelandse toeristebestemmings regoor die land bloot te stel. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.)
(Ken ʼn maksimum van 2 punte toe vir ʼn blote lys van feite/voorbeelde.)
(4 x 2) (8)
**[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 4.1.1 **Noem enige TWEE tipes verbruikersinflasie.**

- Hooflyn-inflasie ✓
- Kerninflasie ✓
- Inflasie weens prysregulering ✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2 x 1) (2)

4.1.2 **Waarom sal die gemiddelde langtermynkoste daal namate uitset oortyd toeneem?**

- Die langtermyn gemiddelde koste neem af soos uitset toeneem omdat vaste koste onveranderd bly soos die vlak van produksie toeneem ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Identifiseer die effek van toerisme in die grafiek hierbo.**

- Werkskepping ✓ (1)

4.2.2 **Noem enige EEN rede vir toerismegroei in Suid-Afrika.**

- Verhoogde besteebare inkomste. ✓
- Minder werksure so meer tyd om te reis. ✓
- 'n Bewustheid van ontspanning. ✓
- Verbeterde vervoer-, kommunikasie- en verblyffasiliteite. ✓
- Verhoogde advertensies en promosie. ✓
- Geniet die voordele van vakansies en reis. ✓
- Maklik verkrygbare buitelandse valuta. ✓ (Enige 1 x 1) (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die konsep *ekotoerisme.***

- Ekotoerisme verwys na toeriste wat ongestoorde natuurgebiede soos die Krugerwildtuin besoek. ✓✓ (2)

4.2.4 **Verduidelik die effek van die depresiasie van die rand op buitelandse toerisme.**

- Wisselkoerse affekteer die vraag na toerisme deur die relatiewe koste en voordele van reis na verskillende bestemmings te beïnvloed. ✓✓
- Wanneer 'n geldeenheid depresieer of in waarde daal, word dit duurder vir die houers van daardie geldeenheid om goedere en dienste in die buiteland te koop. ✓✓
- Wanneer die geldeenheid waarde verloor, word buitelandse reise minder aantreklik en uitgaande toerisme sal ontmoedig word. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.2.5 **Hoe kan inheemse kennisstelsels 'n bydra tot die bevordering van toerisme lewer?**

- IKS kan insigte in plaaslike kulture, tradisies en praktyke verskaf. ✓✓
- Dit laat toeriste toe om 'n dieper begrip en waardering van die bestemming te kry en dit kan tot meer outentieke en verrykende toerisme-ervarings lei. ✓✓
- IKS kan 'n magdom inligting oor plaaslike flora en fauna, tradisionele handwerk en unieke kulturele praktyke verskaf. ✓✓
- Hierdie inligting kan gebruik word om nuwe en diverse toerisme-produkte en -ervarings te ontwikkel wat 'n groter verskeidenheid besoekers lok. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Identifiseer merietegoedere in die prente hierbo.**

- Prent A ✓ (1)

4.3.2 **Noem die goedere wat deur die mark oorvoorsien word.**

- Demeriete goedere ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *eksternaliteite.***

- Eksternaliteite verwys na koste of voordeel aangegaan deur die derde party wat nie deel van die transaksie was nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

4.3.4 **Waarom word merietegoedere deur die mark ondervoorsien?**

- Omdat hulle nie winsgewend is nie en die hoofdoelwit van die begin van 'n besigheid is om wins te maak. ✓✓
- Selfs al is hulle voordelig vir die samelewing, maar individue erken nie hul sosiale voordeel ten volle nie. ✓✓
- Verbruikers onderverbruik hierdie goedere en gevolglik gryp die regering in om verbruikers op te voed oor hul private en eksterne voordele. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

4.3.5 **Hoe kan die regering die verbruik van demeriete goedere ontmoedig?**

- Deur belasting op te lê om die pryse van hierdie goedere en dienste te verhoog. ✓✓
- Begin veldtogte om bewustheid te verhoog oor die negatiewe eksternaliteite wat met demeriete goedere verband hou. ✓✓
- Die regering kan regulasies implementeer om die beskikbaarheid van demeriete goedere te beperk. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.4 **Bespreek die toename in huishoudelike verbruik as ŉ oorsaak van vraagtrek-inflasie.**

- Maklike toegang tot krediet word veroorsaak deur makliker toegang tot krediet of laer rentekoerse, wat krediet goedkoper maak. ✓✓
- Met krediet wat goedkoper is, sal huishoudings meer leen en hulle sal meer bestee aan goedere en dienste wat die vraag na goedere en dienste sal verhoog. ✓✓
- Gebrek aan spaargeld – verbruikers bestee dalk hul hele inkomste en versuim om te spaar. ✓✓
- Wanneer die regering belasting verminder sal verbruikers verhoogde besteebare inkomste hê en hulle sal dit gebruik om meer goedere en dienste te koop. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)
(ŉ Maksimum van 4 punte moet toegeken word vir blote lys van feite.)
(Maks. 4) (8)

4.5 **Hoe bevoordeel die Mededingingswet die Suid-Afrikaanse ekonomie?**

- Alle Suid-Afrikaners kry gelyke geleenthede om aan die ekonomie deel te neem om dit meer doeltreffend te maak. ✓✓
- Samesmeltings en oornames word geëvalueer om markkrag te reguleer om werkloosheid te voorkom en armoede te verminder. ✓✓
- Beperk ekonomiese mag van groot konglomerate om by ŉ billike verdeling van rykdom en inkomste uit te kom. ✓✓
- Suksesvol vervolgde onbillike mededinging beperk die magsmisbruik deur groot besighede en bring billike mededingingsvoordeel vir alle besighede. ✓✓
- Nuwe handelsooreenkomste met ander lande moedig plaaslike besighede aan om internasionaal mededingend te wees weens blootstelling. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)
(ŉ Maksimum van 2 punte kan toegeken word vir blote lys van feite.) (4 x 2) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING C**

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.
Jou antwoord sal soos volg geassesseer word.

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek in detail monopolie as ’n markstruktuur.** (26 punte)
- **Waarom misluk Suid-Afrikaanse monopolieë daarin om die tipiese langtermyn-ewewigsposisie van ’n monopolie te bereik nie?** (10 punte)

**INLEIDING**

’n Monopolie bestaan wanneer ’n enkele firma die hele mark oorheers vir en ’n unieke produk of diens verkoop sonder ’n noue plaasvervanger. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding.) (Maks. 2) (2)

**LIGGAAM: HOOFDEEL**

**KENMERKE**
**Aantal produsente** ✓

- Die monopolis het volle beheer oor die verskaffing van ’n produk, omdat dit die enigste verkoper is ✓✓
- Die monopolis is die enigste verskaffer van ’n produk wat impliseer dat daar geen mededinging in hierdie markstruktuur is nie. ✓✓
- Die monopolie is ook verantwoordelik vir die bedryf se totale uitset soos De Beers en Eskom. ✓✓

**Aard van die produk** ✓

- Die produk is uniek en het geen nabye plaasvervangers nie wat impliseer dat verbruikers se keuse beperk is ✓✓
- Die produk het ’n relatief onelastisiteitsvraag wat beteken dat die hoeveelheid gevra minder reageer op prysveranderings, ✓✓ bv. elektrisiteit en spoorvervoer ✓

**Ekonomiese wins/verlies** ✓

- ’n Monopolis kan op kort termyn ’n ekonomiese wins of ekonomiese verlies verdien. ✓✓
- Indien ’n monopolie op kort termyn ekonomiese verlies gemaak, sal ’n nuwe produksie-aanleg gebou word wat ekonomiese wins op die lang termyn lewer. ✓✓
- Indien ’n monopolie op korttermyn ekonomiese wins gemaak, sal dit sy produksieskaal of kapasiteit uitbrei om meer ekonomiese wins op die lang termyn te maak. ✓✓

**Vraagkromme** ✓

- Monopoliste word ook met ’n vraagkromme vir hul produk gekonfronteer, maar omdat hulle die enigste verskaffer van die produk is, kan hulle besluit op watter punt op die vraagkromme hulle wil wees ✓✓
- Die monopolis is die enigste verskaffer van die produk in die mark – die vraagkromme wat die monopolis konfronteer is dié van die mark as geheel ✓✓
- Die markvraagkromme het ’n helling/grafiek wat van links na regs daal ✓✓

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**Beheer oor die prys** ✓

- ŉ Monopolis het volle beheer oor die markprys en word as ŉ prysmaker beskou. ✓✓
- Monopolis kan op die vraagkromme besluit op ŉ prys-hoeveelheid kombinasie, wat hom die beste pas. ✓✓
- Daar is altyd die moontlikheid van verbruikersuitbuiting omdat ŉ monopolis die enigste verskaffer van ŉ produk is. ✓✓
- ŉ Monopoliebesigheid kan die uitset of aanbod van die produk beperk om ŉ hoër prys te vra. ✓✓
- hoeveel dit egter dikwels deur die markvraag beperk word aangesien die monopolis nie beheer oor vraag het nie. ✓✓
- Verbruikers het beperkte begrotings, en ŉ monopolie kan dus nie buitensporige pryse vir sy produk eis nie. ✓✓
- Die monopolis se produk moet om verbruikers se guns (en geld) meeding met al die ander produkte wat in die ekonomie beskikbaar is. ✓✓

**Markinligting** ✓

- Alle kopers en die enkele verkoper het volle kennis van die huidige marktoestande. ✓✓
- Dit impliseer dat daar ŉ hoë mate van deursigtigheid in die monopolie is aangesien daar geen aansporing vir die monopolie is om inligting vir verbruikers weg te steek nie. ✓✓

**Marktoetrede** ✓

- Die hindernisse verhoed ander produsente om die mark te betree om dieselfde tipe produk te verskaf ✓✓

**Natuurlike monopolieë** ✓

- Hoë ontwikkelingskoste is dikwels ŉ rede – die voorsiening van elektrisiteit word dikwels as ŉ voorbeeld gebruik ✓✓
- Om ŉ kernkragstasie en transmissielyne te bou om elektrisiteit te versprei, kos miljarde rande ✓✓
- Bv. Eskom as ŉ enkele besigheid in die land wat elektrisiteit verskaf ✓✓ funksioneer as ŉ natuurlike monopolie en word deur die regering besit en gereguleer ✓✓

**Kunsmatige monopolieë** ✓

- Die hindernisse tot toetrede is nie ekonomies van aard nie maar kunsmatig soos <u>patentregte</u> wat wettige en eksklusiewe regte van ŉ patenthouer is om ŉ produk te vervaardig deur sy of haar unieke uitvinding te gebruik ✓✓
- <u>Patente</u> word ook gereeld in die pharmaseutiese industrie aangetref ✓✓
- <u>Lisensiëring</u> is ŉ ander manier waarop kunsmatige monopolie toegepas word, bv. TV- en radiolisensies ✓✓
- Lisensies beskerm operateurs teen toegang van ander mededingers ✓✓

**Produktief** ✓

- ŉ Monopolie bereik nie produktiewe doeltreffendheid nie omdat die uitset geproduseer word sonder om die gemiddelde koste te verminder. ✓✓

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Toedelingsdoeltreffendheid** ✓
- Daar is toedelingsondoeltreffendheid omdat die uitset wat deur 'n monopolie geproduseer word nie ooreenstem met die hoeveelheid wat deur verbruikers gevra word nie. ✓✓
- Monopolie produseer 'n uitsetvlak waar die prys bo die marginale koste is. ✓✓

**Samespanning** ✓
Samespanning is irrelevant omdat daar een besigheid in die mark is. ✓✓

**Besluitneming** ✓
- 'n Monopoliebesigheid neem onafhanklik besluite omdat daar geen mededingers is nie. ✓✓
- Hoewel 'n monopolie se besluite kan egter deur regeringswette en regulasies beïnvloed word, ✓✓ byvoorbeeld Eskom se besluite word byvoorbeeld deur NERSA beïnvloed ✓

**Voorbeeld** ✓
- Voorbeelde van nywerhede wat in monopolie voorkom is ESKOM, DeBeers, SASOL in die aardgasbedryf, ens. ✓✓ (Maks. 26) (26)

**ADDISIONELE DEEL**

**Waarom misluk Suid-Afrikaanse monopolieë nie daarin om die tipiese langtermyn-ewewigsposisie van 'n monopolie te bereik?**
- Weens groot onderhoudskoste is inkomste nie voldoende om alle uitgawes te dek nie. ✓✓
- Korrupsie en onbevoegdheid binne die besighede kompremeer die vermoë om wins te maak. ✓✓
- Oormatige afhanklikheid van 'n reddingsboei lei tot ondoeltreffendheid in bestuur en besluitnemingsprosesse. ✓✓
- Dit kan ook veroorsaak word deur swaar regeringsregulering en mark ondoeltreffendhede wat hulle verhinder om doeltreffend te produseer. ✓✓
- Die Suid-Afrikaanse monopoliemark word gekenmerk deur beduidende politieke invloed op sleutelbedrywe. ✓✓
- Daar is ook 'n gebrek aan innovasie-aansporings, en 'n komplekse regulatoriese omgewing wat prysvasstelling en markmanipulasie kan belemmer, wat hulle verhoed om hul markkrag ten volle te ontgin en tot ondoeltreffendheid in die mark te lei. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoëorde-antwoord.)
('n Maksimum van 4 punte sal toegeken word vir blote lys/ feite.) (Maks. 10) (10)

**GEVOLGTREKKING**
Regeringsingryping kan nodig wees om monopolieë te reguleer en te monitor om billike mededinging te verseker en om die belange van verbruikers te beskerm. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoëorde-gevolgtrekking.) (Maks. 2) (2)

**[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**

**40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek in detail die omgewingsprobleme en die belangrikste internasionale maatreëls wat geneem is om volhoubare ontwikkeling te verseker. (26 punte)**
- **Bespreek krities waarom die mark misluk om omgewingsvolhoubaarheid te verseker. (10 punte)**

**INLEIDING**

Omgewingsvolhoubaarheid is die vermoë van die omgewing om die gebruik daarvan vir ekonomiese aktiwiteite te oorleef. Omgewingskwessies is globale kwessies, aangesien die volgende omgewingsprobleme areas van kommer is. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding.) (2)

**LIGGAAM: HOOFDEEL**

**Biodiversiteit verlies** ✓

- Biodiversiteit is die verskeidenheid plante-en dierespesies in 'n bepaalde gebied. ✓✓
- Dit is gemoeid met die genetiese verskeidenheid onder individue binne dieselfde spesie en die aantal spesies binne 'n gemeenskap van organismes. ✓✓
- Die diversiteit van spesies in die wêreld neem vinnig af as gevolg van uitwissing en uitwissing is 'n onomkeerbare proses. ✓✓
- Moderne tegnieke soos geenoorplanting kan help om die verlies van spesies te beperk. ✓✓
- Die Verenigde Nasies se Konvensie oor Internasionale Handel in Bedreigde Spesies (CITES) verbied handel in bedreigde plant- en dierspesies. ✓✓
- Monitering en regulering van handel in bedreigde spesies word met behulp van permitte en kwotas uitgevoer. ✓✓
- In Suid-Afrika is 'n permit nodig om plante en diere in te voer. ✓✓ (Maks. 8)

**Chemiese afval** ✓

- Chemiese afval is giftig en die effek daarvan op 'n organisme kan dood of onvrugbaarheid tot gevolg wees. ✓✓
- Chemiese afval moet versigtig bestuur word om te verseker dat dit nie in die grondwater lek nie. ✓✓
- Die Stockholmprotokol verbied die twaalf dodelikste vervaardigde chemikalieë. ✓✓
- Die Rotterdamkonvensie beskerm lande wat nie voldoende infrastruktuur het om die invoer en uitvoer van gevaarlike chemikalieë te monitor nie. ✓✓ (Maks. 6)

**Gevaarlike afval** ✓

- Gevaarlike afval is hoogs giftig, het 'n stadige ontbindingstempo en dit bly vir 'n baie lang tyd giftig. ✓✓
- Gevaarlike afval kan gesondheid of die omgewing beïnvloed deur sy fisiese, chemiese of giftige eienskappe. ✓✓
- Enkele voorbeelde van gevaarlike afval is asbes, verf en verdunners, huishoudelike skoonmakers, drein skoonmakers, saamgeperste gastenke (soos propaan en suurstof), litium-swaelbatterye, ens. ✓✓
- Die mees gevaarlikste afval is radioaktiewe afval as gevolg van kernkrag. ✓✓
- Die Basel Konvensie is 'n internasionale ooreenkoms om kernafval te bestuur. Suid-Afrika is 'n ondertekenaar van hierdie ooreenkoms. ✓✓

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



**Klimaatsverandering** ✓

- Klimaatsverandering is die verandering in die samestelling van die atmosfeer wat verband hou met menslike aktiwiteit. ✓✓
- ŉ Opbou van sekere gasse soos koolstofdioksied in die atmosfeer veroorsaak dat die hitte in die atmosfeer vasgevang word, wat tot aardverwarming lei. ✓✓
- Uitwerking van klimaatsverandering sluit veranderinge in temperatuur en weerpatrone in. ✓✓
- Die Verenigde Nasies se Raamwerk Konvensie oor Klimaatsverandering (UNFCCC) stel doelwitte om kweekhuisgasse te verminder.
- Kyoto Protokol is onderteken as ŉ ooreenkoms waarin ooreengekom is oor die vlakke van kweekhuisgasvrystellings.
- Die doelwitte van die ooreenkoms is nie bereik nie.
- Die Parys-ooreenkoms is ŉ landmerk internasionale verdrag wat daarop gemik is om klimaatsverandering aan te spreek deur kweekhuisgasvrystellings te verminder en aardverwarming te beperk. ✓✓ (Maks. 6)

**Verlies van inheemse kennis** ✓

- Inheemse mense het kennis oor die natuurlike omgewing, wat hulle dikwels gebruik om ŉ bestaan te maak. ✓✓
- Inheemse mense gebruik organiese metodes en natuurlike prosesse in die hantering van die omgewing. ✓✓
- Plaaslike kapasiteitsbou is belangrik aangesien dit inheemse mense kan help om meer oor die omgewing te leer buite hul tradisionele leefstyl en ervarings. ✓✓
- UNESCO se bestuur van die sosiale transformasieprogram is ŉ wêreldwye poging om plaaslike/inheemse kennis te dokumenteer voordat dit vir ewig verlore gaan. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Maks. 6) (26)

(Ken ŉ maksimum van 8 punte toe vir die blote lys van feite/voorbeelde.)
(Minstens TWEE punte moet toegeken word vir die internasionale maatreëls wat gebruik word om elke probleem op te los.)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**ADDISIONELE DEEL**

**Bespreek krities waarom die mark misluk om omgewingsvolhoubaarheid te verseker.**

- Wanneer maatskappye of individue betrokke raak by aktiwiteite wat die omgewing benadeel (besoedeling, vernietiging van habitat, ens.), word daardie koste nie in die prys van hul goedere of dienste weerspieël nie. ✓✓
- Dit beteken die samelewing, nie die besoedelaar nie, dra die ware koste, wat tot die oorproduksie van skadelike aktiwiteite en ŉ ondervoorsiening van omgewingsbeskerming lei. ✓✓
- Besighede fokus dikwels daarop om korttermynwinste te maksimeer, en verwaarloos langtermyn omgewingsgevolge. ✓✓
- Volhoubare praktyke kan voorafbeleggings of verminderde onmiddellike winste behels, wat dit minder aantreklik maak in ŉ suiwer markgedrewe stelsel. ✓✓
- Verbruikers kort dikwels volledige inligting oor die omgewingsimpak van hul keuses. Dit kan tot besluite lei wat onwetend tot omgewingskade bydra. ✓✓
- Baie omgewingshulpbronne, soos skoon lug en gesonde woude, is openbare goedere. Dit is nie-uitsluitbaar (almal het toegang daartoe) en nie-mededingend (een persoon se gebruik verminder nie die gebruik deur ŉ ander persoon nie). ✓✓
- Markte sukkel om publieke goedere doeltreffend te bestuur omdat gratis ryers dit kan verbruik sonder om tot hul instandhouding by te dra. ✓✓
- Wanneer die ware koste van ŉ hulpbron wat gebruik word nie in pryse weerspieël word nie, is mense geneig om meer te verbruik as wat volhoubaar is. ✓✓
- Besighede onderbelê in volhoubare praktyke as gevolg van korttermyn denke/ fokus op korttermynwinste ✓✓
- Ondoeltreffende toewysing van hulpbronne, hulpbronne vloei na aktiwiteite wat onmiddellike wins verskaf, ongeag hul omgewingsimpak. ✓✓
- Sorgeloosheid, mense gaan voort met skadelike praktyke en laat toekomstige geslagte bekommerd wees oor die gevolge. ✓✓
- Terwyl markte doeltreffend is om hulpbronne vir sommige goedere en dienste toe te ken, is hulle nie geskik om omgewingsvolhoubaarheid te verseker nie. ✓✓
- Beleidsingrypings, soos regulasies, koolstof-dioksied pryse en subsidies vir volhoubare praktyke, is dikwels nodig om hierdie markmislukkings aan te spreek en omgewingsverantwoordelike gedrag aan te moedig. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoë orde reaksie.)
('n Maksimum van 4 punte sal toegeken word vir blote lys/ feite.) (Maks. 10)

**GEVOLGTREKKING**

Lande moet verskeie strategieë implementeer om markmislukkings aan te spreek om omgewingsvolhoubaarheid te verseker. Dit sluit in beleidsingrypings, beleggings in infrastruktuur, bemagtiging van gemeenskappe en individue asook internasionale samewerking. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoëorde-gevolgtrekking.) (Maks. 2)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African